MORVET
Dieresorg / Animal care

018 285 1156
admin@morvet.co.za
MC Roode street, Plot 230, Vyfhoek, Potchefstroom
www.morvet.co.za

Goeie dag,

Hiermee wil ons julle in kennis stel dat daar bevestigde gevalle van Bek-en-Klouseer in die Potchefstroom - Venterdorp omgewing is

Handhaaf asb goeie biosekuriteit in hierdie tydperk.

Kyk uit vir die volgende in beeste, skape, bokke en varke

- Diere wat uitermatig kwyl.
- Diere wat ophou eet en koorsig is.
- Seertjies in die mond, op die tong en tussen die kloutjies.

Ons wag vir terugvoer van die staat in verband met die volgende stappe wat geneem moet word. Sodra ons meer inligting het, sal ons julle in kennis stel.

Groete

Dr. Jannes van der Westhuizen
Awie Barnard

Morvet
18/03/2022

MORVET
Dieresorg / Animal care

018 285 1156
admin@morvet.co.za
MC Roode street, Plot 230, Vyfhoek, Potchefstroom
www.morvet.co.za

Biosekuriteit wenke:

- Spuit alle wiele van motors wat jou plaas binnegaan en verlaat met ’n ontsmettingsmiddel.
- Plaas voetbaddens by intreepunte waar besoekers en werkers hulle skoene kan ontsmet.
- Na hantering van diere moet hande deeglik gewas word.
- Indien moontlik moet geen diere vervoer of rondskuif nie.
- Moet ook geen diere inbring in hierdie tydperk nie.
- As enige simptome van Bek-en-Klouseer waargeneem word, meld dit dadelik aan by jou veearts of naaste staatsveearts.